higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 2

(5050022)

13 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Hiërargies beteken ...

A om bevoeg te wees
B gebiede of sfere
C in 'n spesifieke volgorde gerangskik
D om kennis te verwerf

1.1.2 Ons gebruik reflektiewe denke in onderwys as ons ...

A nie die moontlike gevolge van ons handelinge vermeld nie
B geheimsinnig is oor wat ons doen
C nie bewys van ingeligte besluitneming toon nie
D die moontlike gevolge van ons handelinge vermeld

1.1.3 Die verskille in mense word bepaal deur ...

A sigote
B gene
C sinapse
D neurons

1.1.4 'n Normale menslike liggaamsel bevat ... pare chromosome.

A 6
B 12
C 23
D 48

1.1.5 Die sielkundige wat 'n gestandaardiseerde toets ontwikkel het om intelligensie te evalueer.

A Binet
B Bronfenbrenner
C Erikson
D Piaget

1.1.6 Voedselsoorte ryk aan antioksidante sluit in ...

A aartappelskyfies
B rosyntjies
C witbrood
D oliebolle

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Seksuele identiteit word tydens hierdie ontwikkelingstadium gevorm:

A laat volwassenheid
B dood
C kleinkinderjare/kleintyd
D adolessensie

1.1.8 Lede met 'n gemeenskaplike doelwit wat dieselfde besorgdhede of belangstellings deel:

A samelewing
B gemeenskap
C nasionale
D ekologie

1.1.9 ... verwys na die proses waarvolgens arm mense van die hoofstroom- ekonomiese, maatskaplike en politieke lewe uitgesluit of gedeeltelik uitgesluit word.

A Sosiale insluiting
B Social stereotipering
C Sosiale uitsluiting
D Sosiale diversiteit

1.1.10 Ontwikkelingsuitkomste in die onderwysstelsel verwys na ... wat leerders moet verwerf.

A eienskappe
B vaardighede
C kennis
D regte

1.1.11 Vaardighede verwys na ...

A feite, inligting en idees.
B oortuigings, sedes en idees.
C die liggaam en sy beweeglikheid.
D die vermoë om iets goed te doen.

1.1.12 ... gedrag is nie gewelddadig of skadelik vir ander mense nie.

A Asosiale
B Sosiale
C Aggressiewe
D Onetiese

1.1.13 'n Ekstrovert verwys na 'n vriendelike en ... persoon.

A uitgaande
B skaam
C bang
D misbruikte

Kopiereg voorbehou

1.1.14 Handelinge wat ... in antwoord op 'n stimulus plaasvind, staan bekend as refleksbewegings.

A willekeurig
B doelbewus
C onwillekeurig
D doelgerig

1.1.15 Kritieke kruisvelduitkomste handel hoofsaaklik oor die ... wat leerders moet verwerf.

A identiteit
B standaard
C karakter
D vaardighede

(15 × 1) (15)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Evaluering is die laaste vlak van Bloom se Hersiene Taksonomie.

1.2.2 Besinnende toepassing help opvoeders om navraag te doen oor en hul eie onderrigpraktyke te verbeter.

1.2.3 Een van die etiese verantwoordelikhede van die reflektiewe praktisyn is om 'n aktiewe leeromgewing te skep eerder as leer deur absorpsie.

1.2.4 Die akroniem UGO staan vir Uitkomsgebaseerde Onderwys.

1.2.5 Perseptuele vermoëns verwys na die omsetting van stimuli wat deur die sintuie ontvang word in toepaslike bewegings.

1.2.6 Bronfenbrenner se makrostelsel verteenwoordig die klein, onmiddellike omgewing waarin die kind woon.

1.2.7 Positiewe selfbesinning kan aangemoedig word wanneer 'n opvoeder kollegas vir ondersteuning en aanmoediging raadpleeg.

1.2.8 Bloom se taksonomie is van toepassing op hoofstroomleerders asook leerders met spesiale behoeftes.

1.2.9 Plagiaat kan voorkom word deur jou werk aan te haal en bronverwysings te verskaf.

1.2.10 Bloom se psigomotoriese domein verwys na 'n persoon se denkvaardighede.

1.2.11 Die serebrum beslaan vyftig persent van die brein se gewig.

Kopiereg voorbehou

1.2.12 Die eerste stap in die besinningsiklus is om sin te maak uit die ervaring waarby 'n mens betrokke is.

1.2.13 Tydens bronverwysing hoef 'n mens nie die outeur se presiese woorde tussen aanhalingstekens te plaas nie.

1.2.14 'n Nieregeringsorganisasie werk in die gemeenskap en maak staat op die staat of borge vir 'n inkomste.

1.2.15 Die Grondwet skryf voor dat mense nie teen mekaar mag diskrimineer nie.

(15 × 1) (15)
[30]

VRAAG 2

2.1 Kies 'n term of woord uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Skakels tussen mikrostelsels waarin 'n kind aktief is	A	sanksies
2.1.2	Amptelike bevel of wette wat handel, kommunikasie, en so meer met 'n ander land verbied	B	sentrale senuweestelsel
2.1.3	Die vermoë om volgens 'n spesifieke stel standaarde te presteer of te begryp	C	etiek
2.1.4	Die oordrag van kennis en vaardighede van onderwysers aan leerders	D	besinning-oor-handeling
2.1.5	Die beginsels van wat reg en verkeerd in die lewe is	E	selfverwesenliking
2.1.6	Besinning waarmee opvoeders ná elke les besig is	F	mesostelsel
2.1.7	Dra boodskappe van die brein na die liggaam en van die liggaam na die brrein oor	G	menopouse
2.1.8	Die tyd wanneer 'n vrou ophou menstrueer	H	onderwys
2.1.9	Om 'n mens se volle potensiaal te bereik	I	Witskrif 6
2.1.10	Fokus op leerders met spesiale behoeftes	J	besinning-in-aksie
		K	bevoegdheid
		L	makrostelsel

(10 × 1) (10)

2.2 Gee EEN woord/term vir elk van die onderstaande beskrywings deur 'n woord/term uit die volgende lys te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

lewensvaardighede; rubriek; vroeë kinderjare; Homo sapiens; sintese; adolessensie; oksipitale lob; nabootsing; evaluering; linguistiese intelligensie; taksonomie; pariëtale lob; analise; dendriete

2.2.1 Wanneer 'n leerder iemand anders se handelinge nadoen.

2.2.2 Om oordele op grond van sekere kriteria uit te spreek.

2.2.3 Die tyd tussen kleinkinderjare en middelkinderjare.

2.2.4 Om iets nuuts te skep deur verskillende idees te kombineer.

2.2.5 Om dinge in 'n klassifikasiestelsel te rangskik.

2.2.6 Moderne mense behoort tot hierdie spesie.

2.2.7 Daardie deel van die brein wat kleurpatrone, beweging en teksture herken.

2.2.8 Om in staat te wees om woorde, hetsy mondeling of skriftelik, effektief te gebruik.

2.2.9 Verbindings in die brein wat die algehele ontwikkeling van 'n kind beïnvloed.

2.2.10 'n Nuttige instrument vir besinning.

(10 × 1) (10)

2.3 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.10) in die ANTWOORD-BOEK neer.

2.3.1 'n Afkeer van of vooroordeel jeens mense van ander lande.

2.3.2 'n Chemikalie wat boodskappe tussen verskillende senuweeselle ronddra.

2.3.3 Die dominante intelligensie van mense wat in hoë mate by musiek aanklank vind en wat van ritmes en klanke hou.

2.3.4 Die emosie om jouself in iemand anders se posisie te plaas en agter te kom hoe hy/sy voel.

2.3.5 Die stelsel wat ons in Suid-Afrika gebruik om bronverwysings te doen wanneer ons navorsing doen.

Kopiereg voorbehou

2.3.6 Die Amerikaanse sielkundige wat die teorie van menslike motivering voorgestel het, en daardeur 'n behoeftehiërargie geskep het.

2.3.7 Stelselmatige onderrig van onderwys en opleiding vind tydens ... onderwys plaas.

2.3.8 'n Siekte wat in laat volwassenheid kan ontstaan, waartydens 'n persoon sy/haar geheue geleidelik verloor.

2.3.9 Onderwys wat op die leerder se intellektuele, emosionele, fisieke en geestelike ontwikkeling fokus.

2.3.10 Die proses waarvolgens die manlike spermsel die vroulike eiersel bevrug.

(10 × 1) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Bloom het opvoedkundige doelwitte in drie domeine geklassifiseer. Een daarvan is die sosio-affektiewe domein.

3.1.1 Noem die VYF basiese doelwitte in die sosio-affektiewe domein. (5 × 1) (5)

3.1.2 Noem en verduidelik die ander TWEE domeine van Bloom se opvoedkundige doelwitte. (2 × 3) (6)

3.1.3 Verduidelik waarom dit belangrik is dat die opvoeder op al drie domeine fokus wanneer hy of sy onderrig. (2)

3.2 Na jou mening, watter DRIE eienskappe behoort 'n bevoegde opvoeder in die klaskamer te openbaar? (3)

3.3 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat daarop volg:

> Mev Moloi is 'n Engelsonderwyser vir graad 4-leerders. Tydens onderrig het sy besef dat die leerders nie aandag gegee het nie. Die leerders het verveeld gelyk en dit was duidelik dat hulle nie die inhoud verstaan het wat sy vir hulle verduidelik het nie. Sy het na die kas gegaan en toepaslike boeke met prentjies uitgehaal, en dit gebruik om die werk te verduidelik. Sy het besef dat sy haar onderrigstyl moes verander en in die toekoms 'n verskeidenheid hulpbronne moes gebruik.

3.3.1 Watter tipe besinning gebruik mev Moloi in die bostaande scenario? Motiveer jou antwoord. (1 + 3) (4)

3.3.2 Definieer die term *praktiese besinning*. (2)

3.3.3 Gee TWEE voorbeelde uit persoonlike ervaring waar jy besinning en besinnende toepassing gebruik het om jou met besluitneming te help. (2 × 2) (4)

3.4 Verstrek jou eie voorbeelde en verduidelik die verskil tussen die terme *onderwys* en *opleiding*. (4)

[30]

VRAAG 4

4.1 Teken en benoem Maslow se hiërargie van menslike behoeftes. (5 + 1) (6)

4.2 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Zinzi is 24 jaar oud en het so pas uitgevind dat sy swanger is. Sy woon by haar ouma, wat 'n pensioenaris is. Zinzi werk by 'n plaaslike kruidenierswinkel en haar inkomste is nie genoeg vir haar en haar ongebore baba nie. Soms het sy nie genoeg geld vir kos nie. Die gemeenskap waarin sy woon, is nie veilig nie. Daar is gereeld gewelddadige botsings tussen plaaslike bendes in die gebied. Zinzi het nie vriende nie en voel dat sy nêrens tuishoort nie. Haar kêrel het haar ook verlaat nadat hy uitgevind het dat sy swanger is met sy kind. Sy het nie die selfvertroue om met bure of mense by haar werksplek te sosialiseer nie.

4.2.1 Haal DRIE voorbeelde van gebreksbehoeftes uit die bostaande scenario aan. Dui duidelik by elke voorbeeld aan na watter een van Maslow se behoeftes jy verwys. (3 × 2) (6)

4.2.2 Bespreek kortliks waarom dit belangrik is dat Zinzi voedselsoorte ryk aan antioksidante eet terwyl sy swanger is. (2)

4.2.3 Stel VIER verskillende voedselsoorte voor wat sy by haar dieet kan insluit wat haar en haar ongebore baba se gesondheid sal bevoordeel. (4)

4.2.4 Noem DRIE negatiewe gevolge van 'n dieet wat te min omega 3-vetsure bevat. (3)

4.3 Tydens week 6 tot 8 van die swangerskap begin die embrio 'n menslike gestalte aanneem.

Noem DRIE ontwikkelings wat in hierdie tyd op die fisieke domein in die embrio plaasvind. (3)

4.4 Noem DRIE ontwikkelings wat op die fisieke domein van 'n baba wat 9 tot 10 maande oud is, sal plaasvind. (3)

4.5 Noem DRIE regte waarop Zinzi se baba volgens die Handves van Regte aanspraak kan maak sodra hy of sy gebore is. (3)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Bronfenbrenner het die ekologiesestelsel-teorie ontwikkel om te verduidelik hoe alles in 'n kind se omgewing sy of haar groei en ontwikkeling kan beïnvloed.

5.1 Onderskei tussen 'n *mikrostelsel* en 'n *makrostelsel*. (4 × 2) (8)

5.2 Definieer die volgende begrippe:

5.2.1 Gemeenskap

5.2.2 Sosiale ontwikkeling

5.2.3 Sosiale kapitaal

(3 × 2) (6)

5.3 Bespreek enige DRIE maniere waarop 'n opvoeder kinders met spesiale behoeftes in hoofstroomskole kan ondersteun om ruimte vir hul uitdagings te bied. (3 × 2) (6)

5.4 Wat kan die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling na jou mening holisties doen om swanger tieners by te staan? (3 × 2) (6)

5.5 Wat is die doel van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk in die onderwys-stelsel? (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 6

Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Die Departement van Onderwys het 'n merietetoekenning aan mnr Dhlamini, 'n graad 7-opvoeder, gegee. Volgens die Departement het hy daarin geslaag om die leerders in sy klas aan te moedig om logiese denkprosesse en analitiese en kritiese vermoëns te ontwikkel. Hy is geprys vir sy poging om die leerders te motiveer om in groepe te werk tydens onderrig en leer. Hy het die leerders bemagtig om hulleself en hul aktiwiteite verantwoordelik en effektief te organiseer en te bestuur. Die leerders het buitengewone vaardighede in kommunikasie openbaar deur visuele, wiskundige en taalvaardighede in mondeling en skryfwerk te gebruik. Die leerders respekteer mnr Dhlamini as 'n innoverende Wetenskaponderwyser wat hulle aangemoedig het om aan 'n gemeenskapsprojek deel te neem om water te bespaar.

6.1 Identifiseer VYF kritieke kruisvelduitkomste wat in die bostaande scenario voorgestel word. By elke KKVU, haal EEN voorbeeld uit die scenario aan wat daardie spesifieke KKVU verteenwoordig. (5 × 2) (10)

6.2 Beskryf in jou eie woorde die belangrikheid daarvan om Suid-Afrikaanse leerders aan te moedig om entrepreneursvaardighede te ontwikkel. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

6.3 Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (6.3.1–6.3.5) in die ANTWOORD-BOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.3.1	Die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika	A	1990
6.3.2	Mandela is ná 27 jaar uit die gevangenis vrygelaat	B	1918
6.3.3	Die ANC het in Bloemfontein tot stand gekom	C	1912
6.3.4	Umkhonto we Sizwe is gestig	D	1994
6.3.5	Swart mynwerkers het gestaak vir hoër lone	E	1961
		F	1987

(5 × 1) (5)

6.4 Howard Gardner se teorie van meervoudige intelligensies het die manier verander waarop opvoeders onderrig.

6.4.1 Dui aan watter intelligensie jy met elk van die volgende loopbane assosieer:

(a) Argitek

(b) Liedjieskrywer

(c) Atleet

(d) Wetenskaplike

(e) Verkoopspersoon

(5 × 1) (5)

6.4.2 Na jou mening, watter TWEE tipes intelligensies word die hoogste in die hedendaagse samelewing geag? Staaf jou antwoord.

(2 + 2) (4)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou